**Ou Testamentiese ontwikkeling in die Dawidverbond (OP195)**

**Jes 9:1-6**

**27 Oktober 2024**

Laasweek het ons stil gestaan by die Here wat Sy verbond met Dawid opgerig het. Dawid het aangedui dat hy vir die Here ‘n huis, oftewel ‘n tempel, wou bou, maar die Here het daarop gereageer deur te beloof dat Hy vir Dawid ‘n huis, oftewel ‘n koningshuis, sal bou. Hierdie koningshuis sal ‘n ewige koningshuis wees, waarvan die Here sy troue liefde nooit sal onttrek nie, selfs nie al is lede van Dawid se koningshuis ongehoorsaam aan die Here se eis van gehoorsaamheid nie. Een van Dawid se seuns sal hom as koning opvolg na sy dood, en so sal die koningshuis voortbestaan deurdat daar opeenvolgende nakomelinge uit Dawid se nageslag sal wees wat regeer. Die Here het ook aangedui dat nie Dawid nie, maar wel sy seun, vir die Here ‘n tempel mag bou.

Ek het onderstreep hierdie verbond met Dawid is ‘n belangrike ontwikkel in die ontvouende openbaringsgeskiedenis: Nie net bou dit voort op die openbarings wat die Here alreeds in vorige verbonde, soos die verbond met Abraham en die Sinaiverbond, gegee het nie, maar dit gee ook vir ons ‘n aanduiding hoe die Here daardie derde vraagstuk wat in Gen 3 na die sondeval ontstaan het, sou aanspreek – dit is die vraagstuk oor hoe die Here deur ‘n Koning die kop van die slang sal vermorsel. Die vraag waarby ek vandag wil stilstaan, is of ons die belangrikheid van die Dawidverbond ook in die res van die Ou Testament vind. Ek hoop om volgende week dan stil te staan by die vraag of ons die belangrikheid van die Dawidverbond ook in die Nuwe Testament vind.

Wat die verdere ontwikkeling van die Dawidverbond in die Ou Testament betref, wil ek vandag aandag gee aan die volgende: Eerstens wil ek die Ou Testamentiese openbaringsgeskiedenis na die sluiting van die Dawidverbond kortliks opsom. Tweedens wil ek na sekere uitsprake van verskeie Ou Testamentiese profete gaan kyk wat spesifiek verband hou met die Dawidverbond se inhoud. Ek vertrou dat dit vir ons beter insig sal gee in die inhoud van die Dawidverbond.

<u>Kort opsomming van die Ou Testamentiese geskiedenis na die sluiting van die Dawidverbond</u>

Ek glo julle gaan met my saamstem, tot dusver was Dawid se persoonlike geskiedenis gevul met groot hoogtepunte: Dawid is op jong ouderdom alreeds as koning gesalf, hy was vroeg reeds in diens van Saul, wat destyds koning was, hy het man alleen Goliat verslaan, hy het die jaloesie van Saul op voorbeeldige wyse hanteer, hy het na Saul se dood koning geword van die hele volk Israel, hy het verskeie oorloë gewen, onder andere het hy ook Jerusalem ingeneem, vanwaar hy oor die hele volk geheers het, en hy het ook die ark van die Here met groot opgewondenheid Jerusalem toe gebring. Na dit alles, het die Here die verbond met hom opgerig.

Alhoewel die res van Dawid se lewe sekerlik nog hoogtepunte bevat het, kan jy nie anders nie as om waar te neem dat Dawid ook maar net ‘n sondige mens was. Dit is natuurlik ‘n krisis, want laasweek het ons in 2 Sam 7:14 gesien dat die Here gehoorsaamheid van die koning verwag. Trouens, die Here het in Deut 17:18-19 al aangedui dat die koning vir homself ‘n kopie van die wet moes maak, dat hy dit gereeld moes bestudeer en daarvolgens moes lewe. Maar dink nou aan insidente soos die volgende in Dawid se latere lewe: In 2 Sam 11 en 12 lees ons die gebeure tussen Dawid en Batseba – ek glo ons is almal vertroud daarmee: Dawid het owerspel gepleeg met Batseba, en toe dit blyk dat sy swanger is, het hy boonop op indirekte manier toegesien dat haar man Urija sterf – natuurlik is dit nie die gedrag wat die Here van Sy koning verwag het nie. Die Here het Dawid gestraf – die kind wat gebore is, het gesterf. Maar Dawid het ook opreg berou gehad oor sy sondes – en soos wat die Here in die Dawidverbond beloof het, het Hy Dawid se ongehoorsaamheid gestraf, maar Hy het nie Sy

troue liefde van Dawid onttrek nie. Trouens, Salomo, wat Dawid opgevolg het as koning, was juis die seun van Dawid by Batseba (2 Sam 12:24). Die res van Dawid se lewe word ook gekenmerk deur baie stryd tussen hom en sy seuns oor wie hom as koning moet opvolg. Dit alles is ietwat onverwags – dit is nie wat ons sou verwag het van die koningshuis met wie die Here 'n verbond gesluit het nie.

Na Dawid se sterwe, het sy seun Salomo koning geword in sy plek, in lyn met die verbond. Aanvanklik het dit met Salomo as koning goed gegaan. Hy het uitgestaan in terme van wysheid, hy het groot sukses gehad in terme van die vestiging van die koninkryk, hy het 'n indrukwekkende tempel vir die Here gebou. Maar, soos Dawid, het hy ook in sonde geval: sy talle vroue het hom verlei tot aanbidding van afgode. In lyn met die Dawidverbond se bepalings, het die Here hom nie as koning verwerp nie, maar daar was 'n implikasie vir sy seun, Rehabeam, wat hom as koning opgevolg het na sy dood: Onder Rehabeam se regering het die koninkryk in twee geskeur. Rehabeam het net oor twee stamme regeer, Juda en Benjamin, terwyl die ander tien stamme deur Jerobeam regeer is – maar Jerobeam was nie uit Dawid se nageslag nie, die Dawidskoningshuis was beperk tot Juda en Benjamin. Ja, Dawid se koningshuis was steeds in plek – maar dit was nou relatief klein. En dit sou die geval wees vir die volgende paar eeue. Verskeie persone uit Dawid se nageslag het oor Juda regeer, maar die geskiedenis wys dat hoogstens enkele van hierdie konings werklik gedoen het wat reg was in die oë van die Here. Maar die Here het nie Sy troue liefde onttrek nie, alhoewel Hy dikwels die ongehoorsame konings gekonfronteer het deur Sy profete. Algaande het die situasie egter versleg, en ongeveer 400 jaar nadat Dawid koning was, het die Here Juda in ballingskap laat gaan na Babel toe. Nou was daar nie meer iemand uit Dawid se nageslag op die troon nie! Wat nou van die Dawidverbond? Ja, die Here het beloof as die konings ongehoorsaam is, sal Hy hulle straf – maar Hy het beloof Hy sal nie Sy troue liefde onttrek nie, Hy het ook beloof Dawid se koningshuis sal 'n ewige koningshuis wees – wat nou? Selfs nadat die oorblyfsel uit Juda uit ballingskap teruggekeer het, het hulle nie werklik weer hulle eie volwaardige koning gehad nie. Ons lees van Serubbabel wat goewerneur was – en hy was uit die nageslag van Dawid (1 Kron 3:19), maar hy was nie volwaardig koning nie.

Die vraag is: Wat van die belofte van die Here aan Dawid dat Dawid se koningshuis vir ewig sal bestaan? Het daardie belofte verval? Het die Here nie Sy belofte gestand gedoen nie? Het die Here toe wel Sy troue liefde van Dawid se koningshuis onttrek? Ek hoop ook dat jy raaksien hoe dit daardie onopgeloste vraagstuk 2, wat handel oor ons sondegeneigdheid, is, wat die voortbestaan van die Dawidverbond oënskynlik onder verdenking plaas. Dit bly belangrik dat daardie vraagstuk steeds aangespreek moet word.

<u>Ou Testamentiese profetiese uitsprake rakende die Dawidverbond</u>

Om die voortbestaan van die Dawidverbond te verstaan, is dit nodig dat ons oplet na wat ons in verskeie van die profetiese boeke in die Bybel lees. Ek wil nou kortliks kyk na wat 5 Ou Testamentiese profete hieroor gesê het, asook na 'n gedeelte in 1 Kronieke. Ons gaan die profesieë oordink min of meer in die chronologiese volgorde waarin die uitsprake gemaak is:

Die eerste uitspraak waarna ons kyk, vind ons in <u>Amos</u>. Amos was 'n profeet wat hoofsaaklik opgetree het onder Israel, d.w.s. die noordelike 10 stamme. Hy het ongeveer in die jaar 750 vC opgetree – m.a.w. rofweg 250 jaar na Dawid, maar ook rofweg 200 jaar voor die ballingskap. As jy deur die boek Amos lees, kondig die profeet dikwels die naderende dag van oordeel aan – hy waarsku Israel om hulle te bekeer, maar hulle luister nie. Dit is natuurlik hierdie volgehoue ongehoorsaamheid wat eeue later die ballingskap tot gevolg sou hê. En tog sluit die boek op 'n baie positiewe noot af – lees Amos 9:11-15. Selfs al kom die dag van oordeel, al kom die ballingskap, is dit ook waar dat die Here die vervalle skuiling van Dawid sal herstel. Ons lees die ruïnes sal herbou

word, die lande en die wingerde sal weer hulle opbrengs lewer en die Here gaan die lot van Israel verander. Boonop sê die Here hulle sal nie weer van hulle grond verwyder word nie. Die belangrike punte vir ons bestudering oor die Dawidverbond is die volgende: Die Here gaan weer Dawid se vervalle skuiling herstel, die Here sal Israel terugbring na die land, wat weer sy opbrengs sal lewer, en dan sal hulle vir altyd daar woon. Let op: hier word spesifiek van Israel gepraat, nie Juda nie.

Kom ons kyk nou na wat Jesaja geprofeteer het. Anders as Amos, het Jesaja in Juda as profeet opgetree. Hy was rofweg 'n tydgenoot van Amos – rofweg halfpad tussen Dawid en die ballingskap. Jesaja kondig ook die naderende oordeel van die Here aan a.g.v. die ongehoorsaamheid van die volk. Lees Jes 9:1. Alhoewel Jesaja hulle waarsku oor die komende oordeel, sê hy hier die volk wat in duisternis woon, het tog ook 'n groot lig gesien. Wat is hierdie lig? Lees Jes 9:5-6. Die lig wat hulle sien, is 'n Kind wat vir hulle gebore gaan word. En hierdie Kind, is 'n Seun – en Hy heers – m.a.w. Hy is 'n Koning. Trouens Hy is baie meer as net 'n koning – Hy is Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, en, veral vir ons studie belangrik: Hy is Vredevors! Trouens, Hy gaan juis op die troon van Dawid sit en oor Dawid se koninkryk heers. Dadelik moet ons dit raaksien: hierdie Vredevors gaan op Dawid se troon sit – dit moet dus vervulling van die Dawidverbond wees. Maar let op wat Hy gaan doen: Hy gaan Dawid se troon vestig deur reg en geregtigheid, en dan gaan hierdie troon bestaan vir ewig, en boonop gaan daar vrede wees vir altyd! Verstaan jy die verstommende van wat Jesaja sê? 200 jaar voor die ballingskap, waarsku hy die volk oor die komende oordeel, maar hy sê ook daar kom 'n lig, 'n Kind, 'n Vredevors, wat op Dawid se troon gaan sit, wat reg en geregtigheid sal laat geskied, wat sodoende vrede gaan bewerk, wat vir ewig sal bly. Hoe kan ons verwag gaan hierdie Vredevors ewige vrede bewerk? Deurdat Hy reg en geregtigheid sal laat geskied. Hoe gaan Hy dit laat geskied? Deurdat hy die duiwel, die werker van ongeregtigheid, se kop gaan vermorsel – soos Dawid Goliat se kop afgekap het. Ja, ons weet boonop gaan Hy ook geregtigheid bewerk deur Homself te offer as Hoëpriester om daardeur vir ons geregtigheid te bewerk. Wat die Here ook deur Jesaja sê, is die volgende: Ongeveer 200 jaar voor die dag sou kom dat daar weens die ballingskap nie meer 'n nakomeling op Dawid se troon sal sit nie, het die Here ook al gesê daar sal nogtans 'n lig kom. Die Here sal daarvoor sorg – Hy sal sy troue liefde nie van Dawid se koningshuis onttrek nie. Dit begin ook lyk of ons moet raaksien dat Dawid se ewige koningshuis, nie soseer gaan realiseer deur opeenvolgende konings uit Dawid se nageslag nie, maar eerder deur 'n enkele Nakomeling uit sy nageslag wat vir ewig die koningshuis gaan vestig.

Lees Jes 11:1-5. Hier lees ons ook van die takkie wat sal uitspruit uit die stomp van Isai. Isai was natuurlik Dawid se pa, Dawid was die eerste takkie uit die stomp van Isai. Maar daardie Vredevors van Jes 9 is ook hierdie Takkie. En let op: die Gees van God rus op Hom – dit is 'n Gees van wysheid, insig, raad, sterkte en ontsag vir die Here. Onthou jy Dawid se seun Salomo se wysheid? Hierdie komende Takkie het selfs die wysheid van die Gees van God. Let op vers 3: Hy sal genot put uit ontsag vir die Here – onthou jy hoe die Here al in Deut 17:19 gesê het die koning moet ontsag vir die Here hê – hierdie komende Koning put genot daaruit, so anders as die menslike konings uit Dawid se nageslag wat telkens in ongehoorsaamheid val teen die wil van die Here. Vers 4 voeg by: Hy sal regverdig beslis. Onthou jy hoe ons gesien het Dawid kon regverdig oordeel om die Amalekiet wat beweer het hy het Saul vermoor, dood te maak, so ook daardie rowers wat Isboset vermoor het? Dawid was 'n tipe van hierdie komende Takkie uit Isai.

Kom ons kyk na wat Jeremia rakende hierdie onderwerp gesê het. Jeremia het heelwat later as Jesaja as profeet opgetree. Hy was 'n profeet in Juda kort voor die ballingskap en die val van Jerusalem tot na die val van die Jerusalem. Kom ons lees Jer 23:1-4. In hierdie verse neem die Here die herders van die volk kwalik – hulle moes die volk laat wei het, maar hulle was onverantwoordelik en die gevolg is dat die kleinvee uitmekaar gejaag is – dit verwys natuurlik na die ballingskap. Maar

nou beloof die Here dat hy hulle gaan terugbring, en dan gaan hulle vrugbaar wees en vermeerder. Boonop gaan die Here vir hulle herders gee wat hulle wel sal laat wei. Lees verse 5-6. In hierdie verse beloof die Here dat hierdie herstel gepaard sal gaan met 'n regverdige Loot wat vir Dawid sal opgaan, en wat as Koning sal regeer. Hierdie Loot is dieselfde as die Takkie uit Isai waarvan Jesaja gepraat het. Hy sal voortaan reg en geregtigheid in die land handhaaf. Beide Juda en Israel sal verlos word. Sy Naam sal wees "Die Here is ons geregtigheid". Onthou jy hoe Dawid in 2 Sam 5:2 toe hy koning geword het oor die hele volk, beskryf is as herder vir die volk? Hierdie Loot wat vir Dawid opgaan, sal ook Herder vir die volk wees. Let op, in Amos was die fokus op Israel wat verlos gaan word, in Jesaja was die fokus op Juda, en hier in Jeremia lees ons nou van beide Juda en Israel.

Kom ons beweeg aan, en kyk na <u>Esegiël</u>. Esegiël was 'n profeet wat tydens die ballingskap opgetree het. Waar Jeremia in Jerusalem opgetree het, was Esegiël een van die ballinge wat alreeds weggevoer is na Babel – hy tree dus in Babel op as profeet. In Eseg 36 lees ons daardie bekende profesie waar die Here beloof om die volk terug te bring uit ballingskap. En boonop gaan Hy hulle reinig deur water op hulle te sprinkel, vir hulle nuwe harte van vlees gee, Hy gaan ook Sy Gees in hulle binneste gee. Lees Eseg 37:15-19. Die Here het vir Esegiël gesê hy moet twee stukke hout neem. Op die een stuk hout moes hy skryf "Vir Juda", en op die ander stuk hout "Vir Josef" – Josef was die voorvader van die Efraim en Manasse stamme – twee vername stamme in Israel. Esegiël moes die twee stukke hout in sy een hand vashou. Lees verse 20-23. Die simboliek van Esegiël se handeling was dat die Here daardeur wou uitbeeld dat Hy beide Israel en Juda wil terugbring, en hulle weer wil verenig as een nasie, as een koninkryk, met net een koning. Lees verse 24-25. Wie gaan daardie koning wees? Dawid! Let op, Hy gaan koning en herder wees. Let op, Hy word beskryf as "dienskneg Dawid" – soos wat die Here Dawid beskryf het in 2 Sam 7:8 tydens die sluit van die Dawidverbond. Boonop gaan hulle in die beloofde land woon – wat die Here aan Jakob gegee het. En hulle en hulle kinders en kleinkinders gaan daar woon vir altyd, en Dawid gaan vir hulle 'n leier wees vir altyd. Hier is dit baie duidelik dat Dawid oor beide Israel en Juda sal regeer – hulle sal weer een nasie word met net een Koning en Herder – dit is Dawid. Natuurlik weet ons Dawid was lankal reeds dood. Ons moet verstaan dat hierdie Dawid wat gaan regeer, die Nakomeling van Dawid gaan wees, daardie Loot, oftewel daardie Takkie uit die stomp van Isai.

Kom ons probeer saamvat wat ons tot hier toe gesien het: Die profete waarsku oor die komende oordeel, veral die komende ballingskap, omdat die volk volhard in hulle gehoorsaamheid. Wat egter opvallend is, ongeag of 'n profeet lank voor die ballingskap optree, soos Amos of Jesaja, of hy kort voor die ballingskap optree, soos Jeremia, of selfs as hy tydens die ballingskap optree, soos Esegiël, die boodskap bly basies dieselfde: Daar sal uitkoms wees, daar sal lig kom, daar sal 'n Loot vir Dawid kom, daar sal 'n Kind kom – Hy sal Koning wees, Hy sal op Dawid se troon heers, Hy sal Vredevors wees, Hy sal Herder wees, Hy sal reg en geregtigheid bewerk, Hy sal vrede bewerk. En hierdie Koning gaan vir ewig regeer. Dit word dus duidelik dat die Here inderdaad Sy troue liefde nie sal terug trek nie, selfs nie al is die volk en hulle konings voortdurend ongehoorsaam aan die Here nie, selfs al luister hulle nie na die waarskuwings van die profete nie, selfs nie al word hulle in ballingskap weggevoer nie. Wat ook duidelik word, is dat hierdie komende Koningskap, nie vir ewig sal bestaan deurdat opeenvolgende konings uit Dawid se nageslag een na die ander sal regeer nie, nee, dit sal een Koning wees wat vir ewig sal regeer nie. Die feit dat daar nie tydens die ballingskap iemand uit Dawid se nageslag op die troon gesit het nie, kanselleer dus nie die Dawidverbond nie – die Here het voor die tyd al duidelik gemaak daar sal hierdie Ewige Koning kom na die ballingskap. Wat ook duidelik word is dat hierdie komende Koning nie net oor Juda na die ballingskap gaan regeer nie, maar ook oor Israel – en hulle gaan een nasie wees wanneer die Koning kom.

Kom ons keer nou terug na Eseg 37. Lees verse 26-28. Die Here onderneem hier verder dat Hy boonop ook nog Sy heiligdom tussen hulle, dit is in die midde van die herenigde Juda en Israel, sal vestig, en Sy woning sal by hulle wees – en dit sal so wees vir ewig. Presies hoe moet ons dit verstaan? As ons van die Here se heiligdom en woning lees, dink ons eerstens aan die tempel. Ons weet verder dat toe Juda uit ballingskap teruggekeer het, was een van hulle groot fokusse juis om die tempel te herbou. Kom ons gaan kyk dus na wat die Here na die ballingskap bekend gemaak het om te sien of dit ons help om hierdie uitspraak beter te verstaan.

Ek wil nou eers verwys na wat ons in 1 Kron 17 lees. Kan ek jou herinner aan die agtergrond van die Kronieke-boek. Kronieke is geskryf na die volk uit ballingskap teruggekeer het – die doel met die boek is onder andere om die teruggekeerde ballinge aan te moedig om die tempel te herstel, en ook om moed te hou dat daar steeds 'n koning sal kom wat oor hulle sal regeer. Daarom vind ons baie detail oor die koningstydperk in die boek. So vind ons in 1 Kron 17 die beskrywing van die oprigting van die verbond met Dawid. Toe ons die oprigting van die verbond laasweek bespreek het, het ons na 2 Sam 7 gekyk. Maar as jy deur 2 Sam 7 en 1 Kron 17 lees, vind jy die twee besprekings is bykans dieselfde. Maar daar is verskille, en een verskil is die volgende: Aan die einde van die instelling van die verbond in 2 Sam 7:16, sê die Here vir Dawid: "Jou huis en jou koningskap sal vir altyd bestendig wees voor My". In die ooreenstemmende gedeelte in 1 Kron 17:14 lees ons "Ek sal hom vir altyd in my huis en koninkryk aanstel". Die punt wat ek wil uitlig, is dat 2 Sam 7 verwys na Dawid se huis en koninkryk wat bestendig sal wees, terwyl 1 Kron 17 verwys na die Here se huis en koninkryk. Natuurlik is dit een en dieselfde koninkryk – Dawid se koninkryk is ook die Here se koninkryk. Miskien is die verskil subtiel, maar ek dink tog Selman is korrek om dit uit te lig in sy kommentaar oor Kronieke: Met die aanvanklike sluit van die Dawidverbond in 2 Sam 7 is die fokus op Dawid se huis en koninkryk – dit is asof daar 'n nasionalistiese fokus is. Maar meer as 400 jaar later, na die teleurstelling van die gedrag van die meeste konings uit Dawid se nageslag, na die ballingskap, as dieselfde verbondsluiting beskryf word, wil die Here deur die skrywer van Kronieke vir ons uitlig die koninkryk van Dawid wys na die Here se koninkryk wat Hy vir Hom bewerk – en daar is 'n enkele Nakomeling van Dawid wie se troon in die Here se koninkryk vas sal staan vir ewig. En ons begin sien dat dit meer is as net 'n nasionalistiese koninkryk is. Onthou, ons het ook al gesien dat beide Israel en Juda deel gaan wees van hierdie koninkryk.

Ten slotte wil ek na die profesie van Sagaria kyk. Sagaria was natuurlik 'n na-ballingskap profeet. Die volk, die oorblyfsel uit Juda, het teruggekeer uit ballingskap en is besig om die tempel te herbou, maar dit gaan maar swaar. In ons destydse bestudering van die tempel het ons na verskeie van Sagaria se visioene gekyk. Ek wil vandag net na twee van Sagaria se uitsprake verwys wat vir ons studie relevant is. Lees Sag 6:12-15. Hier stuur die Here deur Sagaria 'n boodskap aan die hoëpriester Josua. Die boodskap is dat daar 'n man Loot is, wat sal uitspruit en die tempel van die Here herbou, Hy sal ook koninklike eer uitstraal, en op Sy troon sit en heers. Natuurlik laat dit ons direk dink aan die Loot wat uit die stomp van Isai sal uitspruit en wat Koning sal wees op Dawid se troon. Ons lees egter ook van 'n tweede troon – waarop 'n priester sal sit. En hierdie twee sal volkome eenstemmigheid hê tussen hulle twee. Sien jy die punt: Daar sal 'n Koning wees – Hy is die Loot uit die stam van Isai. En daar sal ook 'n Priester wees. En hulle sal in eenstemmigheid heers en die tempel van die Here bou. Ek is seker ons moet hier die werk van die Priesterkoning sien wat die tempel bou – en die tempel is natuurlik die gelowiges, oftewel die Here se koninkryk. Natuurlik is dit 'n beskrywing van die Here Jesus – wat as Koning uit die nageslag van Dawid kom, en ook as ware Hoëpriester kom. Hy kom bewerk geregtigheid – deur as Hoëpriester die volmaakte offer vir sondeskuld te bring, en deur as Koning, die duiwel wat die oorsprong van ongeregtigheid is, te oorwin. Daar is perfekte eenstemmigheid tussen die Koning en Hoëpriester – want die Here Jesus is beide. En so bou Hy die tempel – wat nie die fisiese tempel is wat hulle na die ballingskap gebou het

nie, maar die ware tempel wat bestaan uit ware gelowiges waarvan Jesus die hoeksteen of fondament is. En let op wat vers 15 sê: die mense sal van ver af kom om aan die tempel te bou. Hierdie is nie ‘n nasionalistiese tempel nie – dit strek verder as Juda, dit sluit Israel in, maar selfs nog meer. Lees Sag 8:20-22. Daar sal baie wees wat kom – van verskillende stede, volke en nasies. En as jy gewonder het hoe hierdie Koning gaan kom? Lees Sag 9:9-10. Al is Hy regverdig, en al is Hy die oorwinnaar, is Hy nederig en Hy ry op ‘n donkie – natuurlik verwys die Nuwe Testament hierna wanneer Jesus Jerusalem inry op ‘n donkie. Hy sal vrede aan die nasies verkondig – sien jy: aan die nasies – dis nie ‘n nasionalistiese Koning nie. En Sy koninkryk strek van see tot see, van die rivier (Eufraatrivier) tot aan die uithoek van die aarde – Sy koninkryk is ‘n wêreldwye koninkryk.

Kom ons keer nou terug na Eseg 37:26-28. As ons daar lees dat die Here Sy heiligdom en woning by Juda en Israel gaan vestig, dan glo ek ons moet verstaan die Here bedoel met die uitdrukkings “heiligdom” en “woning”, hierdie tempel van gelowiges uit alle nasies waarvan Jesus die fondament is. Dit is immers in hulle as tempel waar Hy deur Sy Gees woon. Dit is immers ook so dat hulle eventueel op die nuwe aarde gaan woon – wat ‘n wêreldwye koninkryk sal wees – waar die Here vir altyd by hulle sal woon.

Kan ek saamvat: Die verbond met Dawid kyk baie verder as ‘n nasionalistiese koninkryk waarvan ‘n nakomeling van Dawid op die troon sal wees. Dit kyk na die koms van die Vredevors wat ook die Loot uit die stomp van Isai is. Dit is Hy wat nederig gaan kom deur op ‘n donkie te ry. Maar Hy is die Een wat werklik geregtigheid gaan bewerk – as beide Koning en Hoëpriester. En sodoende gaan Hy vrede bewerk. En sodoende gaan Hy Dawid se koninkryk vestig. En Dawid se koninkryk is ook die Here se koninkryk. En hierdie koninkryk is ‘n ewige koninkryk waar Hy persoonlik vir ewig gaan regeer. En hierdie koninkryk is ‘n wêreldwye koninkryk. Al was daar nie iemand uit Dawid se nageslag wat tydens en na die ballingskap fisies regeer oor Juda en Israel nie, bedreig dit nie die vervulling van die Dawidverbond nie. Nee die Here het voor, tydens en na die ballingskap bekend gemaak dat hierdie eenmalige en ewige Koning se koms steeds in die toekoms lê – en die koninkryk wat Hy gaan kom vestig is God se koninkryk wat eventueel wêreldwyd sal uitkring.

Geliefdes let daarop: ons het al hierdie dinge geleer deur net na die Ou Testamentiese profesieë te kyk. Ek hoop om volgende keer te kyk hoe die Nuwe Testament die koms van hierdie Koning beskryf.